LAEVELD AGROCHEM Sedert 1991

**Saam boer ons vooruit**

Gewasbeskerming | Plantvoeding | Presisiedienste

Agent kontakbesonderhede



# Jacobus Esterhuizen

## Area: Kirkwood

**T: 066 587 3625 / E: jacobus@laeveld.co.za**

**Gewasse:** Sitrus

Jacobus Esterhuizen is in Bloemfontein gebore en het by Hoër Landbouskool Hendrik Potgieter gematrikuleer. Hy en sy vrou, Krislee, is onlangs getroud en woon in Kirkwood in die Oos-Kaap.

Jacobus het van sy kinderdae af in die landboubedryf belanggestel. Hy was van kleins af baie betrokke by die boerdery op sy oom se plaas, en sy passie vir die landbou het vandaar af natuurlik ontwikkel.

Na matriek het Jacobus op 'n wildsplaas in die Drakensberge gaan werk. Hier het hy baie van wild en diere geleer, wat sy liefde vir landbou net nog sterker gemaak het.

In 2017 het hy sy skaapskeerlisensie en -sertifikaat gekry met behulp van die bekende Skaapskeerkontrakteur, DG Snyman. Verder het hy ook sy gewasbeskermingskursus voltooi en akkreditasie deur CropLife SA verwerf.

Jacobus het die afgelope 6 jaar 'n klomp boere se boorde in Kirkwood saam met LAC-agente besoek. Hierdeur het hy waardevolle ondervinding opgedoen.

Op die oomblik is hy besig met sy Nasionale Diploma in Plantkunde deur i3A Agricultural Academy, waar hy alreeds 'n sertifikaatkursus voltooi het.

Een van Jacobus se gunsteling tydverdrywe is om tyd saam met sy familie en vriende te spandeer. Hy beskryf homself as 'n baie uitgaande persoon, wat van mense hou. Tussendeur geniet hy ook gholf en visvang. Vroeër jare was hy 'n talentvolle stoeier, wat met Oostelike Provinsie en Suid-Afrikaanse kleure gespog het.

***Jacobus werk in die Sondagsriviervallei en spesialiseer in sitrus.*** Volgens Jacobus maak dit hom opgewonde as 'n kliënt die diens wat Laeveld Agrochem se Kirkwood-span lewer, bevredigend vind en dan dié ervaring met ander boere deel. *"Ek wil Laeveld Agrochem graag met behulp van Agri Technovation se uitstekende dienste en spesialisprodukte as 'n sterk landbouverskaffer in die Sondagsriviervallei vestig."* sê hy.

***"My leuse in die lewe is die volgende: 'It is nice to be important, but more important to be nice."***

ADAMA | Andermatt Madumbi | BAYER | CORTEVA agriscience | enviro | HARVEST CHEMICALS | MBFi | Rolfes Agri | INSECT SCIENCE | PHILAGRO | syngenta | TriFert